

# Absa Handelsvoorafbetalde Deurgangskart – Gebruiksbepalings

## Onbeperk

In hierdie bepalings:

- Word na die (myconnect)-kart as 'die kart' verwys;
- Word na Absa Bank Beperk as 'ons' verwys;
- Word na die persoon aan wie die kart uitgereik is as 'jy/jou' verwys; en
- Word na (MyCiTi en/of die Stad Kaapstad) as 'die maatskappy' verwys.

### 1. Hoe die kart werk

Die maatskappy sal die kart en persoonlike identifikasienommer ("PIN") aan jou uitreik. Om die kart te aktiveer moet jy die PIN by die maatskappy se kiosk, enige Absa-OTM of deelnemende winkel verander. Jy moet die nuwe PIN op 'n veilige plek bewaar waar jy dit kan kry as jy dit nodig het. Jy moet die kart op die handtekeningpaneel op die agterkant van die kart teken voordat jy dit gebruik en jy moet die PIN memoriseer.

Jy moet die kart laai voordat jy dit kan gebruik. Jy laai geld of bewyse (bv. 'n reiskartjie) op die kart by ons OTM'e deur 'n elektroniese fondsoordrag direk vanaf jou Absa-rekening en/of kontant by deelnemende diensverskaffers slegs in Suid-Afrika te gebruik. Die bepalings en voorwaardes van toepassing op die bewyse moet van die verskaffer van die bewyse verkry word.

Jy bestee geld en bewyse (waar dit aanvaar word) deur vir produkte en dienste in Suid-Afrika te betaal waar die kart as betaalmiddel aanvaar word.

Wanneer jy die kart gebruik om 'n betaling te maak, raak jy daarmee aan 'n kontaklose verkooppuntleser of magtig die betaling op 'n elektroniese verkooppunt deur die kart in te druk en die PIN te gebruik wat ons vir jou saam met die kart gegee het.

Die kart is nie aan enige van jou bankrekeninge gekoppel nie.

### 2. Waardelimiete (nie op bewyse van toepassing nie)

Maksimum waarde van 'n betaling: R200.

Maksimum kartbalans: R1500. Maksimum waarde per kalendermaand op die kart gelaai: R3000.

Jy mag nie hierdie limiete oorskry nie. Indien jy dit doen, kan ons die kart opskort of kanselleer.

### 3. Fooie

Die maatskappy sal die besonderhede van die fooie aan jou voorsien voordat jy die kart koop. Die maatskappy sal 'n fooi hef vir die beskikbaarstelling van die kart aan jou en om die kart te vervang.

### 4. Wysiging van ons fooie en kaartlimiete

Ons kan ons fooie en kaartlimiete wysig. Ons sal die maatskappy oor die wysigings inlig en hulle sal jou redelike kennis van 'n wysiging gee voordat dit in werking tree.

### 5. Jou risiko's en kaartveiligheid

Enigiemand wat die kart het, kan die waarde op die kart bestee deur daarmee aan 'n kontaklose verkooppuntleser te raak (geld en bewyse).

Enigiemand wat die kart het en weet wat jou PIN is, kan betalings op 'n elektroniese verkooppunt magtig deur jou PIN te gebruik (slegs geld).

Ons kan nie die kart deaktiveer indien jy dit verloor het of dit gesteel word nie.

### 6. Beperkings van die kart

Jy kan nie:

- rente op die balans op die kart verdien nie
- kontant onttrek nie
- 'n internetbetaling maak nie
- geld leen nie

### 7. State en om jou balans te besigtig

Ons sal slegs state (kaarttransaksiesgeskiedenis) wat die transaksies wat op die kart gedoen is aan jou voorsien indien die maatskappy dit nie kan doen nie en binne 30 dae nadat jy ons skriftelik daarvoor gevra het. Jy kan ook jou balans en die laaste vyf (5) transaksies by enige Absa-OTM, die maatskappy se kiosk of sekere deelnemende winkels nagaan.

## **8. Vervangingskaart en PIN's**

Jy moet die maatskappy by enige kiosk in kennis stel en 'n verwysingsnommer kry indien jou kaart verlore gegaan of verval het, of gesteel of beskadig is. Indien die maatskappy se inligtingsentrum gesluit is, kan jy die Stop-en-kontaksentrum by (0800 11 11 55) kontak.

Indien jou kaart beskadig is, moet jy 'n nuwe kaart koop en die maatskappy sal enige geldbalans en bewyse vanaf die beskadigde kaart oorplaas indien die mikroskyfie gelees kan word en jy jou PIN ken. Indien die mikroskyfie nie gelees kan word nie en daar 'n geldbalans en bewyse op die beskadigde kaart is, sal die maatskappy die bewyse na die nuwe kaart oorplaas, maar ons sal slegs die balans na die nuwe kaart oorplaas 30 (dertig) dae nadat die maatskappy ons opdrag gegee het om die oorpasing te doen.

Indien jou kaart verlore geraak het, gesteel is of jy jou PIN vergeet het, moet jy 'n nuwe kaart koop en ons sal enige geldbalans (maar nie bewyse nie) vanaf die verlore of gesteelde kaart oorplaas 30 (dertig) dae nadat die maatskappy ons opdrag gegee het om die oorpasing te doen. Die maatskappy of die verskaffer van die bewyse moet jou help om die bewyse oor te plaas.

Jy kan jou PIN by die maatskappy se kiosk, enige Absa-OTM of deelnemende winkels verander. Indien jy jou PIN vergeet het, sal nóg Absa nóg die maatskappy jou kan help deur vir jou te sê wat jou PIN is, en jy sal nie geld of bewyse op die kaart kan laai nie. Jy moet 'n nuwe kaart by die maatskappy koop, die maatskappy versoek om jou ou kaart te blokkeer en enige ongebruikte geld en bewyse na jou nuwe kaart te verskuif.

## **9. Wanneer die kaart verval**

Ons sal enige geld (maar nie bewyse nie) vanaf die ou kaart na die nuwe kaart oorplaas. Die verskaffer van die bewyse moet jou help om die bewyse oor te plaas. Indien jy nie 'n nuwe kaart kry nie, sal ons 'n maandelikse fooi teen enige waarde op die vervalde kaart hef totdat die balans nul is.

## **10. Beperking van aanspreeklikheid**

Deur die kaart te gebruik, aanvaar jy hierdie gebruiksbepalings. Deur die kaart ná enige wysiging te gebruik, aanvaar jy sodanige wysiging.

Tensy ons ernstig nalatig opgetree het, sal ons nie aanspreeklik wees vir enige verlies wat ontstaan het as gevolg:

- van die foutiewe gebruik van die kaart nie;
- daarvan dat jy ons van foutiewe of onvolledige inligting voorsien het nie;
- enigiets wat buite ons beheer is nie; en
- die deelnemende winkel weier om jou kaart vir betaling te aanvaar of dit nie vir betaling kan aanvaar nie.

## **11. Dispute met verskaffers van goedere en dienste waarvoor jy met die kaart betaal**

Jy kan ons of die maatskappy nie by dispute met verskaffers van goedere of dienste betrek of van ons of die maatskappy die waarde van 'n betaling wat met die kaart gemaak is, terugeis nie.

## **12. Navrae**

Kontak asseblief die maatskappy vir enige navrae oor transaksies op jou kaart of die onbesikbaarheid van fondse.

## **13. Klagtes en dispuutoplossing**

Indien jy 'n klagte oor of 'n dispuut met ons het, kan jy:

- by ons kla by (klagtelyn 0800 11 11 55); of
- hulp soek by die Ombud verantwoordelik vir banke op 0860 800 900 (deeloproep) en 011 712 1800.

## **14. Ons regte**

Ons behou die reg voor om die kaart sonder voorafkennisgewing om enige wetlike rede te kanselleer. Jy kan die oorblywende fondse op die kaart van die maatskappy terugeis. Die oorblywende fondse sal terugbetaal word slegs indien dit wettig is om dit te doen.

## **15. Regerende reg**

Hierdie bepaling word regeer deur die Suid-Afrikaanse reg. Jy stem in dat ons geregtelike stappe teen jou in die landdroshof kan instel wat die jurisdiksie het om die saak (behalwe die bedrag wat betrokke is) aan te hoor en daaroor te beslis.